

GROEIGROEPMATERIAAL

27 Maart – 2 April 2022

In Jesus Spore volgens God se wil...



Effektiewe gebed

Gebed is vir niemand van ons vreemd nie. Ons is immers gelowiges: ons weet van bid en ons doen dit ook gereeld. Die vraag is egter: hoe gereeld bid ons? `n Ander belangrike vraag, is: hoe bid ons? En dan behoort ons onself af te vra: werk dit? Is ons gebede effektief? Bid ons gereeld genoeg en bid ons reg dat ons gebede God se aandag trek? Ons het Sondag gehoor van Hanna se smeekgebed voor God en hoe God haar gebed nie net verhoor het nie, maar haar – wat kinderloos was – uitsonderlik geseën het: behalwe vir Samuel (betekenis: “van die Here afgesmeek”), het sy nog drie seuns en twee dogters ryker geword.

Dikwels wanneer dinge swaar of selfs baie sleg gaan, bid ons meer; wanneer mense in nood verkeer, bid hulle gewoonlik meer ernstig. Daar is talle voorbeelde hiervan in die Bybel: Nehemia oor die muur rondom Jerusalem, Elia oor die droogte in die land, Daniël in Babilonië, Jesus in die tuin van Getsémane, Paulus en Silas in die tronk.

Gebed behoort egter altyd aandag te geniet in ons lewe en dit is baie belangrik dat ons op die regte manier dink oor gebed: dis ten eerste kommunikasie met die lewende Here met wie ons in `n verhouding staan en nie `n “*genie in a bottle*”-oefening waardeur ons poog om te kry wat ons begeer nie. Jy kan wel weet dat elke gebed van jou God se aandag trek – dit gaan nooit ongesiens verby nie!

TEKS: Jes. 38

Vrae:

1. Hoe vergelyk Hiskia se situasie met dié van Hanna en hoe het hy die Here benader in sy gebed hieroor?

2. Wat was Hiskia se aanvanklike reaksie toe hy verneem dat sy gebed verhoor is? Met watter fokus eindig sy loflied aan die Here? (verse 20-22)
3. Hoe verskil Hanna se reaksie oor tyd heen op die verhoring van haar gebed van dié van koning Hiskia? Lees 1 Sam. 1:23-28 en 2 Kron. 32:25 om meer van hulle verlengde lewenstyd wys te word. Wat leer ons hieruit?
4. Die tema van hierdie week is “effektiewe gebed” – dit kan die indruk skep dat daar `n regte manier van bid is en dat hierdie manier die gewenste resultate lewer. Wat sou jy sê, waarom behoort gebed in die eerste plek te gaan?
5. Op `n meer persoonlike vlak: hoe lyk jou gebedslewe op die oomblik, en hoe voel jy tans oor gebed in jou lewe en die gemeente?

Om saam te vat...

Ons leer vier belangrike dinge uit Hanna en koning Hiskia se lewens:

- Stel God altyd eerste.
- Vertrou die Here.
- Wees getrou aan Hom.
- Gehoorsaam God enduit.

Gebedstyd:

- Bid vir die Lydenstyd waarin ons is.
- Bid vir ons gemeente se impak in ons gemeenskap en die wêreld.
- Bid vir lidmate wat siek of gehospitaliseer is en vir ons kankerlyers.
- Bid vir die aanstel van die regte musiekkooördineerder vir ons gemeente.
- Bid steeds vir die konfliksituasie tussen Rusland en Oekraïne. Bid vir vrede en `n vreedsame uitkoms.

“Die gebed van `n gelowige het `n kragtige uitwerking.” (Jak. 5:16b) – die “kragtige uitwerking” is altyd ten eerste ín onself vóór dit in die omstandighede rondom ons ook moontlik `n kragtige uitwerking kan hê.

Ds. Neels Kloppers

